Verwysing: 20170529-1368
12/2/3/P
Navrae: CJ Banda

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0018/2017

Aan: Adjunk-Direkteurs-Generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs, Hoofde van inrigtings met leerders van graad 10 tot 12, Vakhoofde vir tale en taalonderwysers vir graad 10 tot 12

Onderwerp: Die gebruik van mondelinge punte vir beide skoolgebaseerde assesserings en eksamens vir graad 10 tot 12

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO), het Omsendbrief S4 van 2017 ten opsigte van die gebruik van mondelinge punte vir beide skoolgebaseerde assesserings (SGA's) en eksamens vir graad 10 tot 12, uitgereik.

2. Die assesseringsbedeling vir die taalkurrikulum [Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT), ingesluit, soos gestipuleer in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)], maak voorsiening vir SGA's, eksamens en mondelinge as drie komponente wat die leerder se finale punt teen die einde van die akademiese jaar sal uitmaak.

3. Die DBO en Umalusi het onlangs opgemerk dat die mondelinge punt as deel van die SGA-komponent asook die eksamenkomponent gebruik word, en gevolglik word dieselfde punt dus twee keer in verskillende komponente op alle taalvlakke, SAGT ingesluit, gebruik.

4. Die DBO het, in oorleg met alle provinsiale taalkoördineerders, ingestem om die bogenoemde reg te stel deur die volgende onmiddellik te implementeer:

4.1 Jaarlikse assesseringstake, soos in die KABV bepaal, sal onveranderd bly.

4.2 Punte wat vir alle mondelinge opdragte verwerf word, sal nie deel van die finale SGA-punt uitmaak nie, maar sal wel vir die mondelinge eksamenkomponent (Vraestel 3 vir Tweede Addisionele Taal en Vraestel 4 vir Huistaal en Eerste Addisionele Taal) gebruik word.

4.3 Die mondelinge punt sal steeds vir kwartaallikse verslagdoening gebruik word, maar sal slegs by die mondelinge eksamenkomponent, soos in punt 4.2 hierbo aangehaal, ingereken word.

5. Omsendbrief S4 van die DBO bepaal dat die korreksies in punt 4 hierbo onmiddellik in die Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) -fase vir graad 10 tot 12, geïmplementeer moet word.

6. In ooreenstemming met punt 4 hierbo, sal die volgende van toepassing wees:

6.1 Die elektroniese VOO-taalrekordblaaie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is aangepas om die korreksies, soos in punt 4.2 en 4.3 uiteengesit, te akkommodeer.

6.2 Die aangepaste WKOD VOO-taalrekordblaaie, is ook op die Kurrikulumontwikkelingswebwerf van die WKOD gelaai: **http://tinyurl.com/m9a3lo6**.

6.3 Skole wat nie die WKOD se elektroniese rekordblaaie óf die South African School Administration Management System (SA-SAMS) gebruik nie, moet hulle rekordblaaie in ooreenstemming met punt 4.2 en 4.3 aanpas.

6.4 Skole wat die SA-SAMS gebruik, moet daarop let dat die stelsel gewysig is om die veranderinge, wat in DBO Omsendbrief S4 uiteengesit is, te weerspieël.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle belanghebbers wat by die onderrig van tale, insluitende SAGT, betrokke is.

GETEKEN: PAD BEETS
ADUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-05-31